

Woensdag 14 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 7:1-7

Fokusgedeelte: Hosea 7:1

Die Here gee sy kinders nooit prys nie (1)

In Hosea 1 het die Here Hosea opdrag gegee om met 'n prostituut te trou. Hierdie huwelik sou 'n spieëlbeeld wees van die troue Here se verhouding met die ontroue Israel. Hosea moes sy vrou telkens weer terugneem (en selfs duur terugkoop) nadat sy haar in haar ontrou aan ander mans verkoop het (vgl. Hos. 3).

Om 'n ontroue huweliksmaat terug te neem, is vir beide huweliksmaats nie maklik nie. In die proses van versoening moet pynlike wonde oopgekrap word om tot genesing te kan kom. In Hosea 7:1 stel die Here dit dat Hy die verhouding met sy volk Israel wil genees. In die proses tot genesing kom Israel (ook genoem Efraim en Samaria) se sondes aan die lig – sondes wat Israel nie eers gedink het die Here ken nie. Sondes soos leuens, diefstal, roof, dronkenskap, verraad, hoogmoed, deelname aan heidense praktyke en materialisme (vgl. Hos. 7:2-6). Israel moes haar hiervan bekeer.

Bekering van die sonde moet permanent wees, anders smeul die ontrou maar net soos 'n vuur wat nie geblus is nie, maar deur die nag smeul en die volgende oggend weer op-vlam (Hos. 7:4, 6). Ongelukkig was dit nie in Israel (en is dit nie in ons) om getrou te wees nie. Ontrou teen die Here vlam voortdurend op, omdat ons toelaat dat dit in ons bly smeul.

In Christus het die Here finaal die duur losprys betaal om ons weer terug te neem as syne (vgl. 1 Pet. 1:18-19). Ons behoort aan ons troue Here wat ons sy Gees gee om ons in getrouheid te lei. Bekeer jou van jou sondes en laat dit nie meer in jou lewe smeul nie. 'n Nuwe lewe in 'n nuwe verhouding met die Here is moontlik, omdat die Here dié wat syne is, nooit prysgee nie.

Sing: Psalm 38-1:1, 15, 17

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)